

Woensdag 7 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 3:1-5

Fokusgedeelte: Hosea 3:1

God se liefde ... altyd en ewigdurend!

Die teks en boodskap van die Hosea-man! Taal en beelde baie keer duister en soms moeilik verstaanbaar. Tog, Hosea se profetestem, en daarom niemand anders as die lewende Here se stem nie. Die boek Hosea is dus nie sinne opgeskryf, slim gedagtes van 'n man iewers in die agtste eeu voor Christus nie, maar voluit evangelie. Die Here sê, Hy praat en fokus op die destydse Godsvolk én op vandag se Godskind!

Die evangelietaal is reeds raak te hoor in die betekenis van Hosea se naam. *“Die Here het gered.”* So tersake, omdat die volk met wie Hosea praat, soveel ander waardelose “redders” (die afgod Baäl, die magte van Assirië en Egipte) met hulle lewe vertrou het. 'n Ontroue volk. 'n Volk wat doof geword het vir die stem van die enigste Redder.

Daarom die opdrag in Hosea 1:2 aan Hosea en die huwelik met die ontrou Gomer-vrou. Vreemd, maar prentjie-tekenend van die ontrou Godsvolk.

En in Hosea 3:1 ... *“Gaan weer.”* Volgens 'n simboliese daad. Om met 'n prostituut te trou, vra baie (1:2), maar om na dieselfde vrou terug te keer, met haar bedenklike sedes en liefdelose manier van doen, én wat nog hartseer op hartseer gebring het (lees Hosea 2), vra die bomenslike. Die opdrag in Hosea 3:1 vra Goddelike geduld en liefde!

Inderdaad! In God se liefde is daar altyd 'n “weer”. Die geskiedenis van Israel getuig hiervan. En eindelose liefde ook in jǃu lewe. Weer en weer ... Duidelik in die Nuwe-Testamentiese boodskap opgeskryf. En weer ... So lief het die Here jou! Want die hoogste vertolking van Hosea 3:1 se opdrag vind gestalte in die liefde van Hom wat sy lewe offer om jǃu en sy vrou, die kerk, vir ewig te behou. Dan mag Hosea 3:1 met Johannes 3:1 verbind word: *“Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.”* Dan mag ons weer sing-sê:

“U redding meld ek elke stonde;

Al kan ek dit nie skat nie,

Besyfer of bevat nie” (Ps. 71-1:9).

Sing: Psalm 119-1:63

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)